

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Ds Martiens Swart - 26 April 2020

Dit is 'n spesiale tyd, gaan sit op 'n stil en rustige plek saam met jou gesin en kom ons maak gereed vir 'n spesiale ontmoeting met die Here.

- **Die Begin en Seëngroet:**

“Hoe kosbaar is u trou, o God!
U beskerm die mense wat by U skuil.
In u huis geniet hulle oorfloed,
U laat hulle drink uit die strome van u goedheid.
U is die bron van die lewe,
deur u lig lewe ons.”

(Psalm 36:8-10)

- **Kom ons sing nou 'n lied vir die Here:**

God is liefde
Juig ons harte en bedink wat Liefde doen.
Dat Hy ons sy Seun gestuur het
om ons sonde te versoen.
Hy wat eerste liefgehad het,
het in Liefde ons vergeef
nou kan ons uit God gebore
uit die bron van liefde leef.



- **Kom ons praat met die Here in Gebed:**

Here, U is teenwoordig.

Met U in ons midde en ons wat nou op U ons gedagtes rig, word die saamwees iets baie spesiaal.

Praat met ons Here, werk in ons soos wat ons dit in hierdie tyd nodig het.

Amen.

- **Nou gaan ons na die Here luister deur uit die Bybel te lees en te luister na die Boodskap daaruit:**

(1953-Vertaling) Psalm 62:2, 3, 6, 9:

²“Ja, my siel is stil tot God; van Hom is my heil. ³Hy alleen is my rots en my heil, my rotsvesting; ek sal nie grootliks wankel nie.

⁶Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting!

⁹Vertrou op Hom altyd, o volk! Stort julle hart uit voor sy aangesig! God is ‘n toevlug vir ons.”

Hieruit die Boodskap:

Wat sê jy vir jouself in hierdie tyd...daar stil binne in jou gedagtes praat jy met jouself.

Mense sê in hierdie tyd vir hulleself: “As dit net nie met my gebeur nie. Ek moet myself net mooi oppas. As dit net nie met my mense vir wie ek omgee gebeur nie. Ons moet net die regte goed nou gebruik”

Dit is maar natuurlik dat mens so met jouself in die stilte praat. Dit sal alles verander vir ons as ons ook in hierdie tyd leer om soos gelowiges met onself te praat. Maar dit stel ons nie gerus nie.



Hoor hoe praat die skrywer van Psalm 62 met homself in vers 6:

“Wees net maar stil tot God, my siel (so praat hy met homself) want van Hom is my verwagting”...

As mens verder lees sien jy dat hierdie “stil” word voor God en sy “verwagting” van God, hom die volgende laat besef: mense en menslike dinge is baie, baie klein en eintlik niks teenoor die Here se grootheid en mag, wat Hy inspan om ons te help nie. Hy sien dus die volle waarheid... God is daar vir hom... dit beteken meer as om net maar met jouself te praat oor die probleme wat daar is. Uiteindelik sing hy, in sy moeilike tyd van die Here se krag en liefdestrou(verse 12 en 13).

Maar wat van dit waarom hy hom wil begin bekommer? Vers 9 se woorde wys hom wat die oplossing is: **“Stort julle hart uit voor sy aangesig! God is ‘n toevlug vir ons.”**

Ja, hierin is ‘n groot oplossing vir ons bekommernisse.

Wees net maar stil tot God staan daar.

Daar is verskillende soorte “Stil-word” voor of by of tot God.

Hier is daar twee soorte stil-word met God ingesluit, nl.

- 1) Stil-word om by God te kry wat jy vir jou nood/ behoefte nodig het en
- 2) Stil-word om jou hart uit te stort teenoor Homself

By beide Stil-word gaan dit in die eerste plek oor om Persoon tot persoon by die Here te wees en met die Here Self te doen te hê. Hy is dus dan jou primêre belangrikste Toevlug (vers 8,9). Dit is NOU DIE TYD DAARVOOR.

Stil word is nie met die oog op niks nie... maar met die oog op iemand!



Kom ons begin eers dink oor: ***Stil-word om jou hart voor of teenoor Hom te stort...*** dis om eerlik, openlik vir die Here Self te sê wat alles wat diep binne jou is... wat jy vra, dink, voel, begeer, vrees, ensovoorts. Dit is veilig by Hom... Hy is nie fyngevoelig nie en alles, selfs die vreeslikste haal jy uit en kry jy uit jou hart uit. So kan jy verligting kry, perspektief, genees word van binne en rus en vrede vind... *Dit is belangrik vir ons binneste in moeilike tye.* Wie so voor God oopmaak, sal vind dat Hy reageer met sy wonderwerke van genade.

Die tweede soort Stil-word in Psalm 62 kom op die volgende neer:

Stil-word om by God te kry wat jy nodig het vir jou behoefte / nood.

Die belangrike hierin is dat jou VERWAGTING in die eerste plek in die Here Self lê... daar staan in vers 6: “Wees net maar stil tot God, my siel, want van HÓM is my verwagting.”

Dit kom daarop neer dat ek besef die Here het die mag... en die betroubaarheid... en die liefde om my te help op sy manier..

Bo alles en in alles vertrou ek Hom!

In **Hebreeërs 10:23** staan daar: “Laat ons styf vashou aan die hoop (of verwagting)... want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.”

Terwyl ons ook kyk na die lyding en sterwe en opstanding van Jesus, sien ons hoe die Here met liefde en almag elke deel van wat beloof is oor Hom nakom en elke belofte ‘n werklikheid maak.

Laat ons nie opkrop en met bang en donker gedagtes in ons binneste rondloop nie..



Die tyd is hier waartydens ons tot stilstand gebring word, om by die Here stil te wees en ons harte by Hom uit te stort... so gaan jy 'n rus, verligting en vrede vind.

Die tyd is hier om met ons stil-word by die Here uit te kom en so ook te wys ons weet: ons is afhanklik van ons God van die Bybel, ons vertrou Hom, ons ken Hom as betroubaar en ons het 'n verwagting dat Hy ons kan en wil en sal help (in sy almag en liefde). Hy is ons eerste primêre hoop... **NIE NET** medikasie en strategieë nie... Hoewel ons verantwoordelik by die planne inval en die medikasies gebruik.

Psalm 62 is 'n lied... 'n lied vir ons gegee. Maak dit jou lied in jou hart in hierdie tyd: Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting!

Dit is die tyd om gereeld hiermee by die Here te gaan stil word.

- **Kom ons bid nou saam... (as jy wil vat dalk hande met die ander daar by jou):**

Here, almagtige liefdevolle God, U is hier by ons. Ons waardeer dit so dat ons U kon leer ken as so betroubaar.

Ons wil stil by U wees. Van U is ons verwagting. Hoor as elkeen van ons eerlik ons harte nou oopmaak en stil voor U alles uithaal wat ons pla, want U is ons Toevlug...

Dankie Here, met U sien ons kans vir verder.

Net u het al die mag... 'n mens kan net op U vertrou.

Amen.



- **Kom ons sê vir die Here dankie en hoe ons Hom waardeer deur ons Dankoffer**

Ons gee nou geleentheid vir julle om met julle dankoffer vir die Here dankie te sê. U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer.

- **Kom ons sing 'n Lied om dankie te sê vir die Here**

U is die lig wat deur die donker skyn:

U is die lig wat deur die donker skyn.

U is die Een wat duister laat verdwyn.

Skyn in ons harte, dryf die donker uit.

Skyn in ons lewens tot in ewigheid.

Jesus Christus, ons glo in U,

ons buig voor U neer, buig voor U neer.

Jesus Christus, ons God en Heer,

ons bring nou aan U die eer.

U is oorwinnaar, U't die dood verslaan.

U het as Koning uit die graf gegaan.

Breek nou die bande, gooi die boeie neer.

Ons is oorwinnaars saam met U, ons Heer.

Jesus Christus, ons glo in U,

ons buig voor U neer, buig voor U neer.



Jesus Christus, ons God en Heer,
ons bring nou aan U die eer.

- **Ontvang nou die Seën van die Here vir ons elkeen:**

“Die Here sal jou seën en jou beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!”
Amen.

Gaan dan heen. Gaan in vrede.

My kind gaan doen - wat Ek van jou vra:

Versprei My lig, gaan leef My liefde.

My kind onthou Ek is altyd daar.

Kyk Ek gaan voor jou uit. Ek maak jou pad gelyk.

Ek is langs jou om jou veilig vas te hou.

Ek is agter jou. Ek keer die bose weg van jou.

Ek is onder jou - as jy sou val, dan dra Ek jou.

Gaan dan heen. Gaan in vrede.

My kind gaan doen - wat Ek van jou vra:

Versprei My lig, gaan leef My liefde.

My kind onthou Ek is altyd daar.

Kyk Ek is rondom jou want Ek beskerm jou.

Ek is bokant jou want Ek wil jou graag seën.

Ek is binne jou. Ek lei jou deur my Heilige Gees,

Die seën van God Drie-Enig sal vir ewig by jou wees.

